Preeknotas vir Vrydag 6 Junie 2008.
Tema : Dien met gawes – moenie die avontuur misloop nie

Skriflesing: Markus 6 *[35]Toe dit al baie laat was, het Jesus se dissipels vir Hom kom sê: "Dit is 'n afgeleë plek hierdie en dit is al baie laat. [36]Stuur die mense terug sodat hulle op die plase in die omtrek en in die dorpies vir hulle iets te ete kan koop." [37]Maar Hy sê vir hulle: "Gee julle vir hulle iets om te eet." Hulle antwoord Hom: "Moet ons met twee honderd mense se dagloon brood gaan koop om vir hulle iets te ete te gee?" [38]Hy vra vir hulle: "Hoeveel brood het julle? Gaan kyk." Nadat hulle gaan kyk het, sê hulle: "Vyf, en twee visse." [39]Hy het hulle opdrag gegee om al die mense klompies-klompies op die groen gras te laat sit om te eet. [40]Die mense het in groepe van honderd en in groepe van vyftig gaan sit. [41]Toe het Hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en die seën gevra. Daarna het Hy die brood gebreek en dit vir sy dissipels gegee om aan die mense voor te sit. Hy het ook die twee visse onder hulle almal verdeel. [42]Al die mense het geëet en genoeg gekry. [43]Hulle het nog twaalf mandjies vol bymekaargemaak van die stukke brood en die vis. [44]Van dié wat van die brood geëet het, was net die mans vyf duisend.*

Inleidend: Ons is in die reeks ***Dien met jou gawes*** en vanoggend gaan dit oor die tema: ***Dien met jou gawes - maak seker dat jy nie die avontuur daarvan mis nie.*** Ons is almal op reis saam met Jesus maar dikwels mis ons die avontuur van die reis. Ek lees 'n interssante verhaal van 'n 10 jarige seuntjie wat altyd saam met sy pa en twee ouer broers gaan kamp het. Tydens een so 'n kamp het hulle die berg op gegaan maar die 10 jarige wou in die besoeker sentrum bly. Hy het die avontuur misgeloop.

Ons hemelse Vader roep ons om berg op te gaan, die dun lug in om saam met Jesus die avontuur mee te maak.

Jesus is op weg, Sy skoene is aangetrek, sy kleed is aan en Hy is op weg die wêreld in. Die vraag is hoekom is ons nie saam met Jesus nie? Wat moet gebeur dat ons saam met Jesus in die avontuur deel.

1Pet 1:*[13]* ***Daarom, omgord die lendene van julle verstand.***
Daaruit kom 'n klompie vrae wat ons moet vrae om duidelikheid kry.Waar is Jesus op weg? …Hoe lyk dit daar?... Waarom?...is God betrokke by die nood en die lyding? Dit gaan oor die goedheid van God. Hoekom glo mense nie daarin nie. Dis moeilik as jy in pyn en lyding en ellende sit.
Wat is God se plan? God het net 'n plan A. Daar is nie 'n plan B of C nie. Ons is die plan.
Matt 5:*[14-16]* ***Julle is die lig van die wêreld. ..Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.***

Daar is nog 'n ander vorm van lyding. Ongeregtigheid. Hoe voel God oor ongeregtigheid. Wat is die Goeie nuus daaroor? God haat dit! Hoe lyk God se plan om dit aan te spreek?
Miga 6: ***[8]Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.*** **Jes 1:17** ***[17]Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees.***

Ons problem is hoe maak ons 'n verskil? Daar is drie sake van 'n belang:
1. Ons luister na wat Jesus daaromtrent leer. Markus 6 se vermeerdering van die brood.
2. Ons vra : Wat sal Jesus sien as hy na die situasie kyk?
3. Ons maak seker ons kyk reg.
4. Ons bid vir leiding

O be careful little eyes what you see
O be careful little eyes what you see
There's a Father up above
And He's looking down in love
So, be careful little eyes what you see

O be careful little ears what you hear
O be careful little ears what you hear
There's a Father up above
And He's looking down in love
So, be careful little ears what you hear

O be careful little hands what you do
O be careful little hands what you do
There's a Father up above
And He's looking down in love
So, be careful little hands what you do

O be careful little feet where you go
O be careful little feet where you go
There's a Father up above
And He's looking down in love
So, be careful little feet where you go

Afskeurstrokie vir die volgende sake:

Werkwinkel oor die Persoon en die werk van die Heilige Gees

Naam en van_____woon die werkwinkel by op 13 Junie te Jebel Ali.

Aantal wat werkwinkel bywoon indien meer as een kom_____

L.I.G. – Huis byeenkoms

Naam en van _____ woon die L.I.G. - Huis byeenkoms by op 20 Junie 2008

Aantal wat werkwinkel bywoon indien meer as een kom_____

Voltooi en strokie en gee vir ‘n ouderling of diaken asseblief.